MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

4 NOVEMBER 2011 (2)

Meer soldate op grens teen plaasaanvalle, vra CDP

“Die Christen-Demokratiese Party (CDP) doen ‘n beroep op die weermag om in oorleg met die georganiseerde landbou te evalueer of die huidige grensbeskerming deur die weermag aan die verwagtinge voldoen,” aldus die leier van die CDP, ds. Theunis Botha. Hy het gereageer op die skietdood van ‘n plaasbestuurder, mnr Sean Schutte, en die verwonding van sy broer deur vermeende veediewe wat na Lesotho ontvlug het, so wel as die moord op ‘n bejaarde egpaar op hul hoewe buite Rustenburg.

“Die grens met Lesotho is al baie lank ‘n misdaadknelpunt, en verskeie boere en hul gesinslede is al deur aanvallers vanuit Lesotho vermoor. Die owerheid kan hul nie op onkundigheid oor die gevaar hier beroep nie, en werp weer ‘n lang skaduwee oor die onbekookte besluit om kommando’s sonder behoorlike plaasvervangende stelsels te sluit.

“Pas is weer van Bloemfontein-gestasioneerde soldate afskeid geneem wat aan vredesoperasies in Afrika gaan deelneem. Is die grootste behoefte nie dalk nader tuis nie?

“Ons spreek ook ons meegevoel uit met die naasbestaandes van die Du Plessis-egpaar wat op hul papegaaiplaas by Rustenburg vermoor word as ook die van mnr Sean Schutte.
"Dit is duidelik dat plaasmoorde nog nie tot iets van die verlede behoort nie.”

More soldiers on border to combat farm attacks - CDP

“The Christian Democratic party (CDP) calls on government to evaluate the security situation on the Lesotho border and to work hand in hand with organised agriculture, to establish whether the present border protection by the SANDF is sufficient,” says CDP leader, Rev. Theunis Botha. He was reacting to the murder of an elderly couple on their small holding near Rustenburg, as well as the death of a farm manager, Mr. Sean Schutte, and the wounding of his brother at the hand of suspected stock thieves, who fled to Lesotho.

“The border with Lesotho has been a crime hot spot for a considerable time, and several farmers, their families and farm workers have been murdered by attackers operating from Lesotho. The authorities cannot plead ignorance. This again goes to prove that the plan to get rid of the commando system was ill conceived.

“Recently Bloemfontein based soldiers departed for peace keeping operations in Africa? Is the real need not closer to home?

“We express condolences with the next of kin of the Du Plessis couple murdered on their parrot farm near Rustenburg and those of Mr Sean Schutte.
"It is clear that farm murders have continued unabatedly.”